## Die Drie Engele se Oproep na Gebed

## DAG 3 — GOD SE SENDING EN GEBED, Deel 1

*"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."* – Handelinge 1:8

### Die Belofte vir 'n Onmoontlike Sending

Die drie engele boodskap is 'n dringenede oproep tot sending. Die oënskynlik onmoontlike taak om die wêreld te bereik met die evangelie is slegs moontlik deur die krag van die Heilige Gees. Die uitdaging van sending in die eindtyd is soortgelyk aan die uitdaging van die Nuwe Testamentiese kerk in die boek van Handelinge. Die belofte van die Heilige Gees is aan ons gegee net soos dit deur Jesus aan hulle gegee is in Handelinge 1:8: "*maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*" Deur die krag van die Heilige Gees het die Nuwe Testamentiese kerk die hele wêreld beinvloed. Tien duisende het Christus as Messias aanvaar en is gedoop.

Die boek van Handelinge onthul die intieme verhouding tussen 'n biddende kerk en 'n Gees-gevulde kerk wat getuig. Handelinge 1:14 stel dit so, "*Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking*." In Handelinge 2:42 lees ons, "*En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede."* Handelinge 4:31 voeg by, "*En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.*" Let op na drie dinge in die laaste gedeelte. Die gelowiges het **gebid**, hulle is **gevul met die Heilige Gees** en die gevolg was dat hulle die **Woord van God met vrymoedigheid** - of in 'n beter vertaling - met selfvertroue gespreek het. Gebed, die Heilige Gees en die sending is 'n verenigde geheel.

### Ons Moet Dit Kry

In haar kommentaar oor die ervaring van die dissipels skryf Ellen White, "Ons moet so ernstig bid vir die uitstorting van die Heilige Gees soos die dissipels gebid het op Pinksterdag. As hulle dit in daardie tyd nodig gehad het, het ons dit vandag nog meer nodig." (*Testimonies for the Church,* vol. 5, bl. 158). Watter goddelike insig! As die dissipels die uitstorting van die Heilige Gees nodig gehad het om die wêreld te bereik met die evangelie, dan het ons die krag van die Heilie Gees nog meer nodig. Die wêreld is vandag groter, meer kompleks en nog meer goddeloos.

Dit is nou die tyd om God te soek in gebed vir die onbeperkte krag van die Gees, om dit te vermag wat andersins onmoontlik sal wees. Ellen White skryf," Daar word uitgesien na die uitstorting van die Heilige Gees op die kerk asof dit in die toekoms moet wees, maar dit is die voorreg van die kerk om dit nou te kry. Soek daarvoor, bid daarvoor, glo daarin. Ons moet dit hê en die Hemel wag om dit uit te stort." (*Evangelism*, bl. 701).

Mag ons die krag van die Heilige Gees begeer om die verkondiging van die Drie Engele boodskap in hierdie generasie te volbring. Laat ons God saam soek in gebed vir hierdie magtige uitstorting van Sy Gees.

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Getuienis uit die 2021 Tien Dae van Gebed

"Ek het meeste van my volwasse lewe spandeer om geluk te probeer vind in die dinge van hierdie lewe. Ek het aanhoudend vir myself gesê dat as ek die regte man kan kry, die regte werk, gewig verloor, sal ek uiteindelik my geluk vind. Min het ek besef dat hoe meer ek myself op die altare van hierdie wêreld offer, hoe meer leeg en opgebruik het ek gevoel. Ek het altyd die Tien Dae van Gebed materiaal per epos ontvang, maar het eerlikwaar nooit deur die hele tien dae gegaan nie. Ek was te besig om met my stukkende kruik te probeer water skep, terwyl die Fontein van Lewende Water naby my was! Hierdie jaar het ek besluit om Jesus te probeer en Hom op Sy Woord te neem. Wat 'n ongelooflike tien dae was dit nie! Soos Maria by die graf van Josef van Arimitia, het ek Jesus gesien en ek sê vir u, Hy leef! Christus het my 'n nuwe perspektief op die lewe gegee, op gebed, gehoorsaamheid en geloof. Ek het weer my hart aan die Here gegee nadat ek my sondes belei het en Hom gevra het om in my te kom leef. Nou het ek soveel om voor te leef!" (Thuto)

### Bid God se Woord – Handelinge 1:8

"*maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."*

### "Julle sal Krag Ontvang"

*God, ek weet dat dit vir my onmoontlik is en dat ek kragteloos is om die Drie Engele se sending te vervul wat U vir ons gegee het. Dit is te groot en menslik onmoontlik. Ek dank U vir die belofte van die Heilige Gees. Ek besef my groot behoefte om daagliks gedoop te word in die Gees en vertrou in U belofte om diegene te bemagtig wat hulle vertroue in U stel.*

### "Julle Sal My Getuies Wees"

*Jesus, ek dank U dat U my 'n getuie maak van U liefde, waarheid en herskeppende krag. Gee my asseblief die moed om te deel dit wat U vir my gedoen het met diegene naby my in hierdie laaste dae van die wêreld se geskiedenis. Gee my steeds meer geleenthede om vir U te getuig en vir ander te vertel hoe wonderlik U is.*

### "Tot aan die Einde van die Aarde"

*Vader, ek besef dat my sendingveld by my huis begin en uitbrei na my woonbuurt, my gemeenskap, my dorpie en stad en dan die hele wêreld. Wys my asseblief hoe ek kan deelneem aan U sending hier waar ek vandag is en hoe ek die werk van die evangelie kan ondersteun dwarsoor die wêreld.*

#### Meer Voorstelle vir Gebed

**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.

**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.

**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.

**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).

**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.

**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

.

## Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* As We Come to You in Prayer (671); Be Thou My Vision (547);

*Adventlofliedere:* Stortreëns van Seën (153); Hy Lei My Voort (292); As'k by die Kruishout (89); Neem my Lewe laat dit Heer (230); Werk, want die Nag kom Nader (362)